

GEBORDUURDE

Kussings met kruieborduursel.



BENODIGDHEDE: Vir 4 kussings en 2 vatlappe: 2,20 m Aida-borduurstof, 140 cm breed; 4,75 m wit katoenstof, 120 cm breed; 'n stukkie skuimrubber van ongeveer 40 cm lank, 20 cm breed en 2 mm dik; 6 pakke skuimrubberbrokkies, van standaardgrootte; 20 m skuinsband. **Vir kussings:** DMC-pêrelkatoen Nr. 5 (10-g-bolle). **Vir vatlappe:** DMC-pêrelkatoen Nr. 8 (10-g-bolle). Pêrelkatoen vir kussings en vatlappe in die volgende kleurskakerings: pienk, rooi, oranje, geel, bruin, blou, pers en groen.

Kleurnommers: 320, 322, 3325, 325, 368, 3688, 3689, 422, 553, 554, 602, 604, 741, 743, 745, 817, 898, 961, 986, 987 en 898.

MATE: Kussings: 40 x 40 cm. Vatlappe: 20 x 20 cm.

KUSSINGS

AANWYSINGS: Knip 8 oortrekselvoor-
pante, elk 42 x 42 cm groot, uit Aida-
borduurstof. Knip 8 pantdele, elk 30 x 42 cm
groot, uit Aida-borduurstof, waaruit oortrekselagterpante van kussings wat plat lê

saamgestel gaan word. Knip 8 pantdele, elk 30 x 42 cm groot, uit katoenstof, waaruit oortrekselagterpante van kussings wat regop staan, saamgestel gaan word. Knip 16 pante, elk 40 x 40 cm groot, wat voor- en agterpante van kussings sal vorm.

Kap al die rafelrande om om uitrafeling te voorkom, maar soom een lang rand van elk van pantdele van 30 x 42 cm om. Dit sal die rande van die agterpantopening van die voltooië oortreksel vorm.

Borduur 'n kruiemotief op elke oortreksel-

KUSSINGS EN VATLAPPE





DIAGRAM
VIR KUSSING EN VATLAP



voorpant. Die kruisstekies moet 2 stofdrade lank en 2 stofdrade breed wees. Raadpleeg diagram.

Wanneer borduurwerk voltooi is, moet oortreksels soos volg voltooi word: Plaas katoenpante en borduurstofpante van 30 x 42 cm twee-twee opmekaar sodat omgesoomde rande mekaar oorvleuel en die pantjies 'n vierkant van 42 x 42 cm vorm, wat agterpante van oortreksels sal wees. Stik by

NA BLADSY 66

deur
CAROL STONE

foto's
FRANCO CARDINI

GEBORDUURDE KUSSINGS

VAN BLADSY 55

sye in posisie vas. Plaas geborduurde voorpante en saamgestelde agterpante, met regte kante buite, opmekaar en stik aan mekaar vas. Boor rafelrande met skuinsband om, en laat skuinsband bo aan weerskante 15 cm verbysteeke sodat kussings aan rugleuning van 'n bank of stoel vasgebind kan word.

Stik kussingpante aanmekaar met regte kante binne, en laat 'n opening om op te

stop. Dop om na regte kant, stop op en werk opening toe. Steek kussing deur agterpantopening in oortreksel in.

VATLAPPE

AANWYSINGS: Knip vier pante, elk 21 x 21 cm groot, uit Aida-borduurstof. Kap rande om om uitrafeling te voorkom. Borduur 'n kruisemotief op 2 van die pante. Die

kruisstekies moet 1 stofdraad lank en 1 stofdraad breed wees. Raadpleeg diagram.

Knip 2 stukke skuimrubber, 'n bietjie kleiner as borduurstofpante, en plaas hulle elk tussen twee borduurstofpante, sodat borduurstofpante met regte kante buite lê. Stik al op rande langs deur al die diktes aan mekaar vas. Boor rafelrande met skuinsband om en maak 'n lussie om vatlappe mee op te hang.







DIAGRAMME VIR KUSSINGS EN
VATLAPPE



- — 989 groen
- ▣ — 987 donkergroen
- — 554 pers
- ▣ — 553 donkerpers



- ▲ — 320 liggroen
- ▣ — 898 donkerbruin
- — 987 donkergroen
- ▣ — 961 donkerpienk
- ▶ — 743 geel
- ▣ — 817 donkerrooi
- ▣ — 987 donkergroen
- ▣ — 989 groen



- ▲ — 987 donkergroen
- ▣ — 604 pienkpers
- — 602 donkerpienkpers